

# Kuberetiek en die soeke na 'n morele gemene deler

J.J. Britz

Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria

## SUMMARY

### *Cyberethics and the search for a common moral denominator*

*This article focuses on three of the main ethical questions facing the cyber era, namely privacy, information poverty and the relationship between the right of access to information and the right of ownership thereof. The discussion is approached from an Information Science perspective and is based on the point of view that modern information and communication technologies have introduced a new information-based worldview, according to which our reality has become an information-based reality. The article seeks to demonstrate the way in which this new reality has re-shaped the ethical issues involved in privacy, information poverty and intellectual property. Justice is furthermore presented as a possible common moral denominator for addressing these ethical issues.*

### **Kernbegrippe**

Kuberera; privaatheid; inligtingarmoede en rykdom; intellektuele eiendom; geregtigheid; inligting- en kommunikasietegnologie

## INLEIDING

Moderne inligting- en kommunikasietegnologie het 'n revolusionêre verandering teweeggebring in bykans alle sferes van menslike lewe. As 'n tegnologie het dit nie net menslike kommunikasie radikaal en permanent beïnvloed nie, maar het dit ook ons wêreldbeeld fundamenteel verander. Ons leef in 'n inligtinggebaseerde wêreld waar ons nie meer ingeperk word deur tyd en ruimte nie.

Hierdie verandering het naas die wesentlike invloed wat dit uitgeoefen het op die ekonomiese, politieke en sosiale dimensies van gemeenskappe ook 'n grondliggende verandering teweeggebring ten opsigte van die etiese vraagstukke waarmee samelewings gekonfronteer word. In hierdie artikel ondersoek ek enkele van hierdie etiese vraagstukke en poog om, aan die hand van geregtigheid as 'n morele gemene deler, breë riglyne op te stel. Ten einde aan hierdie doel van die artikel te beantwoord, is die inhoud soos volg gestruktureer: In die eerste plek toon ek kortliks aan wat verstaan word onder die nuwe wêreldbeeld wat moderne inligting- en kommunikasietegnologie gebring het. Gebaseer op hierdie wêreldbeeld bespreek ek vervolgens drie primêre etiese vraagstukke, naamlik die reg op privaatheid, inligtingarmoede en -rykdom in die kuberera, asook die vraag na hoe die verhouding tussen die reg op toegang tot inligting aan die een kant en die reg op die besit van intellektuele eiendom aan die ander kant, in die kuberera verstaan en geïnterpreteer moet word. Alhoewel daar ook ander etiese probleme is, onder ander die vraag na die reg op toegang tot inligting asook die kwaliteit van inligting, is hierdie artikel tot hierdie drie etiese vrae beperk. Die redes is soos volg: Eerstens, is daar gewoon nie genoeg ruimte om alle etiese vraagstukke te bespreek nie. Tweedens, probeer ek om drie belangrike etiese terreine te dek, naamlik individueel-professionele etiek (privaatheid), strukturele etiek (inligtingindustrie en intellektuele eiendom) en laastens sosiale etiek (inligtingarmoede). In die laaste gedeelte van die artikel word geregtigheid as 'n morele gemene deler bespreek wat kan dien as 'n breë morele basis vir die beantwoording van die etiese probleme wat ter sprake is.

## KUBERRUIMTE EN DIE INFORMATISERING VAN DIE WÊRELD

Om die sogenaamde kuberruimte en kuberera te verstaan, is dit belangrik om eers die kuberwêreldbeeld te verstaan. Hiervolgens word die totaliteit van die heelal omspan met inligting, en is toegang tot objekte in hierdie werklikheid vir die mens slegs moontlik deur die sintuiglike waarneming van hierdie inligting wat betrekking het op objekte in die werklikheid. Oor hierdie wêreldbeskouing merk De Mul (2003:132) op dat “...we informasie moet beskou as (en miskien is dit selfs) een basiese eienskap van die heelal, naast materie en energie”. Vir Rucker (1988) lê die oorsprong van die verandering na hierdie wêreldbeeld in wat hy die *rekenaarrevolusie* noem. Volgens hom is dit hierdie revolusie wat dit moontlik gemaak het om die wêreld te beskou as ’n *inligtinggebaseerde wêreld*, en hy beskryf dit met die woorde: “Everything is information” (1988:31).

Voor die ontwikkeling van moderne inligting- en kommunikasietegnologie was dit vir die mens slegs moontlik om hierdie inligting van objekte in die werklikheid waarop dit betrekking het te ‘ontbondel’ (anders gestel: ‘los te maak van’) deur middel van drie tydruimtelik beperkte tegnieke, naamlik taal, simbole en die skilderkuns. Dit was verder ’n *subjektiewe* ontbondeling omrede mense slegs vanuit hul eie perspektief kon sê, skryf en teken wat hul sintuiglik waarneem.

Die kamera en fotografie is die tegnologie wat transformasie na die kuberwêreld geneem en moontlik gemaak het. Hierdie tegnologie lui die era van die sogenaamde objektivering van die werklikheid in. Deur middel van fotografie is dit vir die mens die eerste keer moontlik om op ’n ‘objektiewe’ en ‘korrekte’ wyse inligting aangaande die werklikheid te ontbondel. Oor die ontwikkeling van fotografie skryf De Mul (2003:156): “De fotografie is een van de belangrijkste hulpmiddelen geweest waarmee de moderne mens zijn wereld tot beeld heeft getransformeerd. Meer dan enig ander instrument geeft het fototoestel het menselijke subject een beeld van de werkelijkheid, en meer dan enig ander beeld wordt het fotografische beeldt gekenmerkt door objectiviteit.”

Moderne inligting- en kommunikasietegnologie waaronder rekenars, en veral digitale tegnologie, het hierdie inligtinggebaseerde kuberwêreld permanent gevestig. Naas die enorme impak op die sosio-kulturele asook politieke sferes het dit ’n era ingelui van ’n inligtinggebaseerde, gewiglose en globale ekonomie (Britz 2005). Wurster en Evans (1997:73), in hul klassieke artikel oor die inligtingeconomie, verduidelik die nuwe ontbondelde inligtingeconomie soos volg: “When information is carried by things – by a salesperson or by a piece of direct mail, for example – it goes where the things go and no further. It is constrained to follow the linear flow of the physical value chain. But once anyone is connected electronically information can travel by itself... what is truly revolutionary about the explosion in connectivity is the possibility it offers to unbundle information from its physical carrier.”

Die kuberera kan dus omskryf word as die informatisering van ons wêreldbeeld waarvolgens die fisiese heelal letterlik beskou kan word “als een informatieverwerkende machine” (De Mul 2003:146).

Vervolgens lig ek enkele relevante kenmerke van die kuberera uit.

- As ’n representatiewe inligtinggebaseerde werklikheid is dit moontlik om objekte in die werklikheid te manipuleer en te beheer. Dit sluit onder andere mense in, in daardie gevalle waar inligting oor mense ontbondel kan word. Hierdie ontbondeling lei ook tot ’n groter voorspelbaarheid van die werklikheid. Soos De Mul (2003:149) dit stel: “De beste manier om de toekomst te voorspellen is haar uit te vinden.”
- Moderne inligting- en kommunikasietegnologie vul nie net aan nie, maar vervang in baie gevalle menslike waarneming van die werklikheid. Hierdie tegnologie word daarom as ’n meer betroubare en objektiewe weergawe van objekte in die werklikheid beskou.
- Hieruit volg dat die werklikheid, soos voorgestel deur moderne inligting- en kommunikasietegnologie, vir die mens die enigste werklikheid geword het. Volgens Baudrillard (1993) reproduseer

moderne inligting- en kommunikasietegnologie nie meer die werklikheid nie, maar het dit eintlik die ‘verdwyningvorm’ van die werklikheid geword. Die punt van verifikasie van die werklikheid is verlore en dit het ’n hiperrealiteit geword.

As daar dus vanuit ’n etiese perspektief na hierdie nuwe wêreldbeeld gekyk word, is dit duidelik dat ons nie net met nuwe etiese probleme gekonfronteer word nie, maar ook dat die bestaande etiese probleme, byvoorbeeld privaatheid, vanuit ’n totaal nuwe perspektief benader behoort te word omrede dit nie meer gaan oor die vraag van die individu se isolasie of afsondering nie, maar veel eerder oor die vraag, wie weet wat van my in ’n inligtingontbondelde wêreld?

## **KUBERPRIVAATHEID**

Dit is vreemd dat die reg op privaatheid, wat vandag so hoog aangeslaan word, glad nie vermeld word in die Amerikaanse Grondwet of verklaring van onafhanklikheid nie. Lande soos Japan (1988) en Australië (1990) het ook eers onlangs privaatheidswetgewing aanvaar. In Suid-Afrika, waar die reg op privaatheid grondwetlik beskerm word, is daar byvoorbeeld ook nog nie spesifieke wetgewing wat hierdie reg beskerm nie.

Privaatheid, as ’n afsonderlike reg, het eers laat in die 19de eeu in die VSA ontwikkel na aanleiding van ’n hofsaak wat gespruit het uit die neem van persoonlike foto’s van mense. Regter Von Brandes het in hierdie hofsaak die eerste regstreekse verwysing na privaatheid gemaak in sy uitspraak dat mense die reg het om alleen gelaat te word (Britz 1996; Shank 1986). Die interpretasies en toepassings van privaatheid het sedertdien geweldig verander. Moor (2004) wys daarop dat privaatheid in die VSA ontwikkel het van die reeds genoemde reg om alleen gelaat te word, tot ’n reg op nie-inmenging, vandaar na ’n reg op toegang tot inligting en die reg van kontrole oor ’n persoon se persoonlike en privaat inligting. In Suid-Afrika word privaatheid juridies omskryf as die totaliteit van feite en inligting wat betrekking het op ’n persoon se bestaan van isolasie (Neethling et al. 1996: 30 – 38).

Die volgende vrae kan gevra word: Is dit ’n basiese reg? Wat is die oorsprong van privaatheid? Hoe moet die verhouding tussen individuele vryheid (met ander woorde die reg op privaatheid) en sosiale verantwoordelikheid verstaan word? Moor (1997, herpubliseer in 2004) vra in sy klassieke artikel wat handel oor die ontwikkeling van ’n privaatheidsteorie, tereg die vraag na die fundering daarvan. In sy teorie verduidelik hy privaatheid aan die hand van kernwaardes wat alle kulture gemeen het en waarsonder samelewings nie kan funksioneer of bestaan nie. Hierdie kernwaardes is onder andere lewe, kennis, geluk, vermoëns, vryheid en veiligheid. Vir Moor (2004) beteken die opsegging van hierdie waardes die opsegging van lewe. Hy voer ook aan dat privaatheid nie deel uitmaak van hierdie kernwaardes nie en merk tereg op: “I wish it were. It would make justification of privacy so much easier” (Moor 2004:411). Die probleem is dat die reg op privaatheid relatief van aard is. Binne sekere kulture word die reg van ’n individu tot privaatheid nie besonder hoog aangeslaan nie terwyl dit in ander samelewings beskou word as ’n basiese reg wat grondwetlik beskerm moet word.

Die punt is: kulture beleef, interpreteer en leef hierdie kernwaardes op verskillende maniere. Moor (2004:411) verwys daarna as “...the expression of core values”. Privaatheid is een van hierdie ‘expressions of core values’. Dit is met ander woorde nie ’n kernwaarde self nie, maar moet eerder gesien word as ’n uitdrukking van twee kernwaardes, naamlik vryheid en sekuriteit. In sommige samelewings is daar ’n groter behoefte aan sekuriteit en die behoefte om teen vreemdelinge beskerm te word, asook om die vryheid te hê om alleen gelaat te word.

In die kuberera, waar privaat en persoonlike inligting toenemend ontbondel word, en waar mense al hoe minder beheer het oor wat met hul persoonlike en privaat inligting gebeur, is dit net logies dat die behoefte aan sekuriteit en beskerming teen indringing sterker op die voorgrond sal tree. Dit is

veral die dramatiese ontwikkeling van moderne inligting- en kommunikasietegnologie wat die reg op privaatheid op die voorgrond geplaas het. Moor (1997:23) verwys spesifiek na die vermoë van rekenaars om inligting te manipuleer en "...to store endlessly, to sort efficiently and to locate effortlessly". Toegepas op die privaat en persoonlike inligting van mense beteken dit onder andere die volgende (Moor 1997; Britz 1998):

- Persoonlike inligting, wanneer verpak in digitale formaat, kan binne die kuberruimte teen die 'spoed van lig' na haas enige persoon of instansie versprei word en vir bykans enige rede aangewend word.
- Rekenaars het groot bergingsruimtes en kragtige herwinningsvermoëns om alle inligting korrek te herwin. Mense se persoonlike en privaat inligting kan met ander woorde jare later herwin en gebruik word, en dit kan die skending van privaatheid meebring.
- Mense se persoonlike elektroniese voetspore in die kuberruimte kan nagespeur en gevolg word. In die meeste gevalle gebeur dit sonder die medewete van die betrokke individu.
- Die vermoë van moderne inligting- en kommunikasietegnologie om inligting te manipuleer en te sentraliseer hou 'n ernstige bedreiging in vir privaatheid. Dit is onder andere moontlik om in die kuberruimte persoonlike inligting van mense in 'n sentrale databasis (*datamerging*) te integreer. Nie net skep dit 'n holistiese beeld van 'n betrokke individu nie, maar gee dit aanleiding tot die verlies van kontrole deur die individu en 'n gevoel van 'ek weet nie wie weet wat van my nie'. Introna (2004:482) omskryf daarom ook privaatheid as "...the freedom from inappropriate judgment from others".

## Impak

Hierdie ontbondeling van individue se persoonlike en privaat inligting in die kuberruimte het positiewe en negatiewe gevolge, en ook twyfelagtige gevolge vir beide individue en gemeenskappe. Positief beskou, kan sekerlik aangevoer word dat die beskikbaarstelling van en beter beheer oor persoonlike inligting tot 'n meer gekontroleerde samelewing kan lei. Belastings kan beter ingevorder word en dit is makliker om sensusinligting in te samel. Giddens (1991) verwys hierna as die paradoks van moderniteit. Aan die een kant geniet mense veel meer privaatheid, maar andersyds maak moderne kommunikasietegnologie dit moontlik vir instellings, waaronder die staat, om veel beter kontrole oor burgers te hê. Mense het dus in werklikheid minder privaatheid. Die beskikbaarstelling en gebruik van mediese inligting, veral genetiese inligting, kan ook daartoe aanleiding gee dat beter en voorkomende mediese dienste gelewer kan word. Siektes en chroniese toestande kan vroegtydig gediagnoseer word (Branscomb 1994; Britz 1996). Brin (1998) voer ook aan dat toegang tot mense se persoonlike inligting misdaad kan verminder en selfs voorkom. Die besef dat mense se persoonlike en privaat inligting meer gereedlik beskikbaar is, misbruik en gemanipuleer kan word, het ook aanleiding gegee tot die verdere ontwikkeling en verfyning van wetgewing wat die reg op privaatheid beskerm.

Skrywers waaronder Hamelink (2000), Van den Hoven (1997), Moor (1997), Brin (1998) en Nissenbaum (2004) waarsku egter teen die negatiewe impak wat moderne inligting- en kommunikasietegnologie op privaatheid kan hê. Die vernaamste argumente kan soos volg saamgevat word: Die eerste, en belangrikste, is dat die ontbondeling, asook vrylike en soms ongekontroleerde beweging van mense se persoonlike inligting in die kuberruimte aanleiding kan gee tot 'n bedreiging van hul sekuriteit, aantasting van hul menswaardigheid, outonomieit en basiese vryheid (Johnson 2004; Britz 1996). Van den Hoven, in sy kritiese analise van privaatheid, verwys hierna as sogenaamde *informational wrongdoings* (inligtingsmisdrywe) wat betrekking kan hê op die skending van privaatheid. Die eerste van hierdie misdrywe noem hy (*informational harm*) inligtingskade en die

tweede *informational injustice* (inligtingongeregtigheid). Inligtingskade het betrekking op skade wat aan persone berokken kan word deur die misbruik van hul persoonlike en privaat inligting. Voorbeelde hiervan is diefstal en die steel van geld uit 'n bankrekening op elektroniese wyse. Inligtingongeregtigheid verwys na die onbillike asook onregverdige gebruik en hantering van mense se persoonlike inligting. Die gebruik van persoonlike mediese rekords om teen sekere individue te diskrimineer, is 'n voorbeeld van inligtingongeregtigheid. Ras, geslag, geloof of etnisiteit gaan nie meer in die toekoms die bepalende kriteria vir diskriminasie wees nie. In die kuberruimte is dit duidelik dat persoonlike inligting, waaronder veral mediese en ekonomiese inligting, die primêre kriteria vir diskriminasie gaan word. Waar mense werk en woon en watter lewens- en mediese versekering hulle kan kry, gaan toenemend bepaal word deur hul 'info-kleur'.

Naas die positiewe en negatiewe impak wat moderne inligting- en kommunikasietegnologie op privaatheid het, is daar ook, wat ek noem 'twyfelagtige gevolge'. Dit het hoofsaaklik betrekking op die ekonomiese voordeel wat verbruikers kry deur hul persoonlike inligting aan besighede beskikbaar te stel. Gevorderde kapitalisme is 'n inligtinggebaseerde ekonomie, dit word gedryf deur moderne inligting- en kommunikasietegnologie en die sukses van hierdie ekonomiese model hang grotendeels af van besighede se vermoë om persoonlike inligting wat by kliënte verkry word, om te skakel tot besighedsinligting. Dit help om teikenmarkte beter te identifiseer en te penetreer. Kliënte se behoeftes kan verder presies bepaal word en produkte en dienste kan nommerpas verpak en voorsien word (Ettenberg 2002). Die beskikbaarheid van kliënte se persoonsgebonde inligting bied met ander woorde nie net 'n kompeterende voordeel aan besighede nie, maar hou ook dié voordeel in dat kliënte beter dienslewering kan verwag. Op die oog af lyk dit dus na 'n wen-wen-situasie vir sowel die besigheid as die kliënt. Daar is egter twee sake wat hierdie voordeel twyfelagtig maak vir kliënte. Beide het betrekking op verlies van kontrole. Die een is 'ruimtekontroleverlies' en die ander 'gebruikskontroleverlies'. Met 'ruimtekontroleverlies' bedoel ek daardie verlies van kontrole wat verbruikers ervaar wanneer hul persoonlike inligting, soos kredietkaartinligting, telefoonnommer en adres via die kuberruimte (hoofsaaklik die internet) beskikbaarstel gestel word. Dit is bykans onmoontlik om die kuberroete van hierdie inligting te volg of om vas te stel wie almal toegang hiertoe kan kry. Dit is byvoorbeeld moontlik vir kuberkrakers om in te breek in sekuriteitsisteme op die internet en om kredietkaartinligting te bekom en te gebruik sonder die kredietkaarteienaar se onmiddellike wete. Ruimtekontroleverlies word gevolg deur gebruikskontroleverlies. Kliënte het nie volle beheer, en in baie gevalle geen beheer, oor wat besighede met hierdie inligting doen wanneer dit via die kuberruimte ontvang word nie. Hul persoonlike inligting kan byvoorbeeld verkoop word, beskikbaar gestel word aan regeringinstansies of vir enige ander redes as waarvoor dit oorspronklik bedoel was, gebruik word.

Privaatheid, en die reg op privaatheid het met ander woorde fundamenteel verander. Die kernvrae het nie meer betrekking op die 'reg om alleen gelaat te word nie' of op die reg op isolasie nie. Dit gaan veel meer om te weet wie weet wat van my, die reg om my persoonlike en privaat inligting te beheer asook die vryheid om nie op grond van my persoonlike en privaat inligting beoordeel te word nie. Brin (1998), in sy toekomsvisie oor privaatheid, merk tereg op dat dit in die toekoms nie meer sal gaan oor die reg op privaatheid nie, maar die reg op gelyke toegang tot inligting.

## **RYKDOM EN ARMOEDE IN DIE KUBERERA**

Sekerlik een van die grootste sosio-ekonomiese uitdagings van die kuberera is die toenemende gaping tussen inligtingryk en inligtingarm individue, lande en streke. Verskeie outeurs verwys na hierdie gaping as die digitale kloof tussen rykes en armes (Norris 2001; Haywood 1995; Castells 1993). Die verwysing na hierdie kloof word in die meeste gevalle in verband gebring met 'n tegnologie-

gaping tussen diegene wat toegang het tot moderne inligting- en kommunikasietegnologie en dié wat daarvan uitgesluit is.

Die probleem tussen die ryk en arm lande, streke en gemeenskappe is egter veel groter en kompleks as 'n blote tegnologie-gaping. Dit is ook nie net beperk tot die vorige paradigma van 'arm' en 'ryk' lande nie. Floridi (2001) wys ook daarop dat 'n mens nie hierdie probleem kan reduseer tot 'n blote skeiding tussen die *'techno-insiders'* en *'techno-outsiders'* nie. Alhoewel 'n tegnologiegedrewe probleem, het dit 'n groot impak op kulture (in die holistiese sin van die woord), mense se leefstyle, taal, vlakke en grade van opvoeding asook hul vermoë om toegang tot inligting te verkry wat slegs beskikbaar is via moderne inligting- en kommunikasietegnologie. Dit is 'n gaping wat mense marginaliseer en uitsluit om deel te neem aan die toenemende globalisering van die sosio-ekonomiese en politieke aktiwiteite.

In die kuberera, wat gebaseer is op 'n inligtinggebaseerde werklikheid, en waar die sosio-ekonomiese en politieke aktiwiteite gedryf word deur inligting- en kommunikasietegnologie, het toegang tot hierdie tegnologie, asook die vermoë om toegang te verkry tot gedigitaliseerde inligting, dit te manipuleer en voordeel daaruit te kry, voorvereistes geword vir volhoubare ontwikkeling, vooruitgang en rykdomskepping. Daar kan tereg opgemerk word dat die reg op vryheid van spraak, wat so prominent was in die vorige era, nou plek maak vir die reg op toegang tot inligting en die reg om te kommunikeer.

Die kuberera vra dus ook om 'n herdefiniëring van armoede. Tradisioneel is armoede omskryf as daardie kondisie van lewe waar mense nie oor genoeg lewensmiddele beskik om in hul basiese behoeftes te voorsien nie (Merriam-Webster Thesaurus Online). Lötter (2000) voeg hierby dat hierdie mense ook nie oor die vermoë beskik om sodanige middele te produseer nie. Ek stel voor dat die begrip 'inligtingarmoede' toegevoeg word tot die woordeskat van armoede en omskryf word as daardie kondisie waar individue en gemeenskappe, binne 'n gegewe konteks, nie oor die nodige kundigheid, vermoëns of kapitaalkragtigheid beskik om effektief toegang tot inligting te verkry, dit te interpreteer en korrek toe te pas nie. Hierdie vorm van armoede word verder gekenmerk deur 'n gebrek aan essensiële inligting ('n begrip wat ek in die volgende paragraaf toelig) en 'n onder-ontwikkelde inligtinginfrastruktuur (Britz 2004).

Dit is belangrik om kortliks aandag te gee aan wat ek bedoel met essensiële inligting omrede dit bepaalde implikasies inhou vir die politieke ekonomie van inligtingproduksie en -verspreiding. Essensiële inligting is inligting wat mense nodig het om te oorleef en te ontwikkel – met ander woorde inligting wat benodig word om basiese lewensbehoefte te bevredig. Sodanige inligting behoort volgens my as kollektief van aard beskou te word en mense behoort nie daarvan uitgesluit te word nie. Dit is moontlik om kollektiewe essensiële inligting te onderskei, in byvoorbeeld basiese mediese en opvoedkundige inligting. Essensiële inligting verskil egter ook van konteks tot konteks en van gemeenskap tot gemeenskap. In 'n vorige artikel het ek gepoog om generies essensiële inligting te omskryf as "...information related to the basic minimum needs of humanity, as well as information tools for trade and economic development – information essential to the development of capital generation and the needed infrastructure to support it, which includes amongst others backbone industries, basic science, and survival services in health, education, welfare, agriculture and labour" (Britz 2004:194).

Die inligtingkapitaal van hierdie vorm van armoede toon dus die volgende kenmerke:

- 'n Gebrek aan essensiële inligting.
- Onvoldoende middele om vir noodsaaklike inligting te betaal.
- 'n Gebrek aan intellektuele vermoë by mense om inligting te herwin, te interpreteer en korrek toe te pas.



- 'n Gebrek aan tegniese middele (veral inligting- en kommunikasietegnologie) om inligting te herwin.

Soos enige ander vorm van armoede, hou inligtingarmoede ook ernstige morele implikasies vir individue en gemeenskappe in. Ek beklemtoon twee hiervan. In die eerste plek word mense, en gemeenskappe, wat nie gereedelik toegang het tot moderne inligtinginfrastrukture, waaronder die internet, veel makliker as in die verlede gemarginaliseer en selfs uitgesluit van bykans alle belangrike sosio-ekonomiese en politieke aktiwiteite. Daar moet weer eens in gedagte gehou word dat ons in 'n 'inligtingontbondelde werklikheid' leef wat beteken dat die wêreldhandel primêr inligtinggebaseerd is. Hamelink (2003) het die morele impak van globalisering ontleed en neem die argument van marginalisering nog 'n stap verder deur te redeneer dat arm en ontwikkelende gemeenskappe nie vandag oor 'n kommunikasieplatform beskik om hul stem te laat hoor nie. Dit in weerwil van die feit dat dit tegnies wel moontlik is om so 'n globale kommunikasieplatform te skep. Volgens hom word hierdie 'tegniese moontlikheid' tot die skepping van 'n globale kommunikasieplatform ernstig belemmer deur onder andere die huidige politieke ekonomie van inligtingproduksie en -verspreiding in die mark.

My tweede etiese kommer het betrekking op die noue relasie wat daar bestaan tussen inligting en mag. Toegang tot korrekte en bruikbare inligting, asook die vermoë om voordeel daaruit te trek, bemagtig mense om besluite te neem, onafhanklik te wees en hul eie toekoms te bepaal. Die kuberera waarin ons leef het 'n nuwe dimensie gebring ten opsigte van die bemagtiging van mense deur inligting. Die feit dat ons in 'n inligtinggebaseerde wêreld leef, beteken dat toegang tot inligting in 'n sekere sin gelyk gestel kan word aan toegang tot ons virtuele ekonomiese, sosiale en politieke wêreld. So beskou, beteken toegang tot inligting meer as net 'n bemagtiging tot besluitneming. In die kuberera, waar inligting ontbondel is van die fisiese objekte waarop dit betrekking het, impliseer toegang tot inligting interaktiewe toegang tot globale ekonomiese, politieke en sosiale aktiwiteite wat vroeër beperk was deur 'n tydruimtelike en inligtinggebondelde werklikheid. Byvoorbeeld: in die vorige, tydruimtelike en inligtinggebondelde werklikheid was dit baie moeilik vir 'n persoon in Suid-Afrika om, gebaseer op korrekte en relevante inligting, 'n eiendom in die VSA te koop sonder om self fisies daar te wees. In vandag se inligting-ontbondelde werklikheid, en waar tyd en ruimte nie meer beperkende faktore is nie, is dit moontlik om via die internet toegang te verkry tot virtuele huise, interaktief in die virtuele huis te 'stap' en alle ander relevante en vergelykende inligting binne een konteks te verkry en selfs die huis te koop. In hierdie sin bemagtig toegang tot 'n ontbondelde werklikheid mense om nie net veel beter en *ingeligte* besluite te kan neem nie, maar ook om virtuele aktiwiteite te kan uitvoer deur die interaktiewe manipulerings van inligting wat betrekking het op fisiese objekte.

Direk voortvloeiend hieruit kan aangevoer word dat die 'inligtingbesitters' en 'inligtingbeheerders' in die kuberewêreld geweldige mag het. Diegene wat die toegang tot inligtinginfrastrukture besit en beheer, besit en beheer in 'n sekere sin ook die ekonomiese, politieke en sosiale wêreld. Habermas (1989), Schiller (1991) asook Castells (1993) is enkele van die bekende outeurs wat sterk standpunt inneem teen die misbruik van hierdie vorm van mag.

Die groeiende gaping tussen die inligtingrykes en inligtingarmes in die kuberera noop etici dus om opnuut aandag te gee aan veral die politieke ekonomie van inligtingproduksie en inligtingverspreiding, asook die morele verantwoordelikheid van die inligtingmaghebbers.

## **INLIGTINGMAGHEBBERS EN DIE INLIGTINGGEMENE BES**

Digitale tegnologie het vir die eerste keer die moontlikheid geskep om werklik 'n inligtinggemene bes te skep wat inligting en kennis op 'n globale skaal, en teen byna zero marginale koste aan ryk en arm

mense te kan versprei. Eben Morlen, 'n regsprofessor verbonde aan die Columbia University in die VSA maak die volgende vergelyking om die morele impak hiervan te verduidelik: "If you could make enough food to feed everyone on earth by baking one loaf of bread and press one button, what would be the moral case for denying anyone food?" (aangehaal deur Becker 2003:1). Met ander woorde: wat is die morele probleem as ek, deur die druk van 'n knoppie genoegsame noodsaaklike inligting aan alle mense kan versprei wat honger na kennis?

Die probleem is egter dat presies die teenoorgestelde in die kuberera gebeur. Toegang tot inligting, spesifiek essensiële inligting, het al hoe moeiliker en duurder geword. Dit is hoofsaaklik te wyte aan veranderende wetgewing wat betrekking het op die beskerming van intellektuele eiendom, die strenger toepassing van hierdie wette asook die gebruik van tegnologie om op 'n baie effektiewe en goedkoop manier toegang tot digitale inligting te beheer. Ek verwys hier veral na die gebruik van die sogenaamde *digital rights management system* sagteware. Vir my lê die morele kommer veral daarin dat, met 'n bykans zero marginale koste in inligtingproduksie, groot inligtingindustrieë, veral binne die akademiese dissiplines, hul winsmarges maksimaal verhoog (Britz et al. 2004).

Hierdie verwickelinge moet verstaan en geïnterpreteer word teen die agtergrond van die oorspronklike doelstellings van intellektuele eiendomsreg, naamlik om aan die een kant die regmatige ekonomiese en morele belange van die oorspronklike skeppers van inligtingprodukte te beskerm, maar ook tegelykertyd, ten behoeve van die kollektiewe belang, die reg van toegang tot inligting te bevorder en te waarborg.

Dit is egter duidelik dat die oorspronklike bedoeling van intellektuele eiendomsreg, beide ten opsigte van oorspronklike skeppers en inligtinggebruikers, nie meer gestand gedoen word nie. Ek lig enkele tendense uit om hierdie stelling te staaf:

- Ryk lande in die wêreld, maar in besonder die VSA en die Europese Unie, neem die afgelope dekade die leiding in die internasionale standaardisering van intellektuele eiendomsreg. Chang (2003) wys daarop dat hierdie wetgewing veral daarop gemik is om die ekonomiese belange van hierdie lande te beskerm. Verder word ontwikkelende lande onder druk geplaas om hierdie wetgewing in hul eie lande in te faseer (Thomas & Lee 2003).
- Die reikwydte asook duur van intellektuele eiendomsbeskerming het die afgelope jare geweldig toegeneem. Dit sluit nie net die kontroversiële anti-omseil- (*anti-circumvention*) wetgewing in nie, maar ook die verlenging van die post-mortem kopiereg van 50 na 70 jaar. Databasisse, wat voorheen beskou is as kollektiewe besit, word nou ook deur die *World Intellectual Property Organisation* se kopieregverdrag beskerm (World Bank Legal Review 2003).
- Thomas en Lee (2003) wys ook daarop dat groot multinasionale korporasies, waaronder Time Warner Cable en Microsoft, hierdie nuwe wetgewing ondersteun. Dit bemoeilik die organisering van effektiewe protesaksies teen hierdie wetgewing.

Hierdie tendense is met sterk kritiese kommentaar deur onder andere bekende regslui begroet. Drahos (2003:3) merk onder andere op dat "...intellectual property begins to look like a game in which the rich have found ways to rob the poor" (2003:3). Tydens die *World Summit on the Information Society* wat in 2003 in Genève, Switserland gehou is, het groepe wat gekant is teen die huidige koers wat intellektuele eiendomsregwetgewing inslaan, onder andere opgemerk dat "...the only rights associated with information and knowledge are those of owners" (Siochrú 2003:3). Verskeie anti-intellektuele eiendomsbewegings het ook sterker op die voorgrond getree. Voorbeelde is die *Creative Commons*, die *Open Access Movement* asook die *Copyleft* beweging (Britz 2005).

Ek deel daarom Becker (2003) se siening dat die toekoms van die kuberewêreld merendeels gevorm gaan word deur die wyse waarop hierdie konflik tussen die reg van toegang tot inligting teenoor die reg van eienaarskap daarvan hanteer, bestuur en opgelos gaan word. Onderliggend aan hierdie



konflik lê nie net die regsrae en die politieke ekonomie van inligtingproduksie en -verspreiding nie, maar ook die morele imperatiewe wat betrekking het op die volgende:

- Die fundamentele reg op toegang tot inligting
- Die reg op opvoeding
- Fundamentele vryheid van mense
- Die reg op eerlike en billike vergoeding.

Vanuit hierdie morele perspektief voorsien ek twee kommerwekkende verwickelinge, wat in 'n sekere sin reeds besig is om vorm aan te neem. Die eerste het betrekking op die oorspronklike skeppers van inligtingprodukte en die tweede op arm mense wat in ontwikkelende lande woon.

Dit is baie duidelik dat groot inligtingindustrieë hul winsmarges die afgelope dekade geweldig verhoog het en dit het in die meeste gevalle plaasgevind ten koste van veral akademiese skrywers (Lor & Britz 2005). Die gevolg van hierdie verwickeling is die toenemende verset van outeurs (en ander skeppers van inligtingprodukte) teen, nie net inligtingkonglomerate nie, maar ook teen die huidige intellektuele eiendomsregwetgewing. Daar is twee kernargumente. Die eerste is dat veral akademiese skrywers die wette as ekonomies onbillik ervaar. In die meeste gevalle teken akademiese skrywers hul outeursreg gratis af aan die uitgewer. Tweedens, is daar kommer onder akademici dat lesers toenemend moeite ervaar om toegang tot akademiese literatuur te kry. Die hoofsaak is strenger intellektuele eiendomsregwetgewing. Akademici het groter belang daarby dat hul werke gelees en gebruik word as dat dit ekonomies beskerm word deur wette (Lessig 2004). Die uitvloeisel hiervan is die stigting van bewegings wat 'n sogenaamde '*open access*' kultuur bevorder. Een hiervan is die *Creative Commons* beweging wat onder andere ten doel het "...to use private rights to create public goods: creative works set free for certain uses. Like the free software and open-source movements, our ends are cooperative and community-minded, but our means are voluntary and libertarian. We work to offer creators a best-of-both-worlds way to protect their works while encouraging certain uses of them — to declare "some rights reserved" (<http://creativecommons.org>).

Die tweede kommerwekkende verwickeling het betrekking op die impak van hierdie wetgewing op arm en ontwikkelende lande en gemeenskappe; die lande en gemeenskappe wat juis kennis nodig het om te kan ontwikkel. Aan die een kant is dit waar dat die *World Intellectual Property Organisation* (WIPO) asook die *World Trade Organisation* (WTO) positiewe seine uitstuur na ontwikkelende lande. In 'n gesamentlike verklaring, uitgereik deur beide organisasies, word hulp en ondersteuning aan ontwikkelende lande soos volg verduidelik: "This process involves bringing their laws on copyright, patents, trademarks and other areas of intellectual property into line with the agreement, and providing for effective enforcement of these laws in order to deal with piracy, counterfeit goods and other forms of intellectual property infringements" (WTO, WIPO Press Release 1998). Hierdie vorm van ondersteuning is egter ook die probleem vir die meeste ontwikkelende lande! Navorsing wat deur die *South Center*, in opdrag van die *United Nations Developing Programme* (UNDP) gedoen is, het duidelik uitgewys dat hierdie 'hulp' ontwikkelende lande strem om hul eie intellektuele eiendomsregwetgewing en beleid plaaslik te ontwikkel en te implementeer. Die klem val veel meer op die internasionale standaardisering van 'n pro-Westerse model van intellektuele eiendom (South Center 2002).

Deere (2003) wys ook verder daarop dat die ryk lande druk op ontwikkelende lande plaas om nuwe WIPO- en WTO-wetgewing rakende intellektuele eiendom te aanvaar en te implementeer. Lande wat in gebreke bly om hierdie wette te aanvaar, word met ekonomiese sanksies gedreig. Dit is veral die VSA wat sterk voel oor die beskerming van hul intellektuele eiendom in ander lande. In sommige gevalle dwing die VSA die sogenaamde '*plusooreenkomste*' af op lande wat nog nie die internasionale verdrae geteken het nie. Hierdie plusooreenkomste is in baie gevalle strenger as die bestaande internasionale verdrae.

Die morele dilemma is duidelik. Die reguleerders van kennisproduksie, innovasie en kreatiwiteit kan 'n wesentlike verskil maak aan byvoorbeeld volhoubare ontwikkeling. Uit bogenoemde argumente is dit duidelik dat daar egter nie genoeg gedoen word nie. Kennis, veral akademiese kennis, is meestal veels te duur vir navorsers wat in arm en ontwikkelende lande woon. Deere (2003) spreek hom tereg baie sterk uit ten gunste van 'n beweging, deur onder andere nieregeringsorganisasies en ander belangegroepes, wat sal werk aan 'n 'ontwikkelings-georiënteerde' intellektuele eiendomswetgewing.

Hierdie probleem is egter nie net beperk tot arm en ontwikkelende lande nie. Navorsers in die ryk en ontwikkelde lande word in baie gevalle ook nie regverdig vergoed vir hul produksie nie en die meeste van die inkomste gaan aan die verspreiders van kennis, onder andere uitgewers.

## **DIE SOEKE NA MORELE GEMENE DELERS VIR DIE KUBERERA**

Vervolgens moet die moeilike vraag aan die orde gestel word: hoe kan hierdie etiese probleme benader en beredeneer word? Dit sou sekerlik te voortvarend wees om kitsklaaroplossings voor te stel. Ek wil in my betoog veel eerder aandag gee aan die vraag na watter etiese norme gebruik kan word om breë riglyne op te stel. In die volgende gedeelte gee ek hieraan aandag.

Ek is van mening dat daar in die kuberera, wat in 'n sekere sin 'tydloos en grensloos' is, gesoek moet word na 'n gemene morele deler om riglyne vir etiese optrede daar te stel. Dit is inderdaad geen maklike taak nie en daar is vele argumente ten gunste van of teen die soeke na gemene morele delers. Sonder om in detail hierop in te gaan, steun ek redelik sterk op veral Apel en Habermas se sienings dat daar wel sprake kan en behoort te wees van gemene morele beginsels. Sodanige morele konsensus word egter nie bereik deur middel van 'n eensydige proses nie, en dit mag ook nie in die woorde van Lyotard (1984) net 'another grand narrative' word wat die belange van die magshebbers beskerm nie. Morele konsensus moet veel eerder bereik word deur middel van kommunikatiewe etiek (Habermas 1989) waar norme bevestig en aanvaar word deur middel van 'n proses van dialoog deur alle betrokke partye.

Met ander woorde ek verkies 'n universele benadering en sluit aan by Hamelink (2000:54) wat die volgende sê:

One of the problems with a relativist position is that there is little hope for justification outside the boundaries of a specific situation. Thus moral relativism may ultimately lead to moral indifference for events beyond the confines of a local scheme of values. Against this, the universalist position [die posisie wat ek met ander woorde ondersteun] accepts that there are values that transcend local boundaries and that these are applicable to all. The universalist refuses to abandon the world and its people's common future to moral indifference.

Die twee morele beginsels wat volgens my as die primêre morele gemene delers behoort te geld, is geregtigheid en menseregte. Hierdie twee beginsels kan onderskei word maar nie geskei word nie. In die volgende gedeelte poeg ek om aan die hand van een van hierdie norme, naamlik geregtigheid, die breë etiese beginsels vir die kuberera daar te stel.

### **Geregtigheid**

Geen gemeenskap, insluitende die nuwe kubergemeenskap in wording, kan in harmonie en vrede funksioneer as dit nie gereguleer word deur geregtigheid nie. In die tradisie van Plato, Aristoteles en meer resent, John Rawls word geregtigheid beskou as een van die belangrikste deugde van enige samelewing. Rawls (1973:3) verwoord dit treffend soos volg: "...justice is the first virtue of social

institutions just as truth is for systems of thought". Young (1995), in sy analise van geregtigheid, bou hierop voort deur geregtigheid te beskou as beide 'n positiewe sowel as negatiewe deug. Hiervolgens beperk geregtigheid nie net konflik in 'n gemeenskap nie, maar dra dit positief by tot die ontwikkeling van wedersydse respek en 'n gelykwaardige behandeling van alle mense.

Geregtigheid berus op drie belangrike beginsels. Die eerste hiervan is dat alle mense, ongeag hul materiële status, geslag, ras, geloof en etniese verband gelykwaardig behandel behoort te word. Dieselfde norme behoort te geld vir alle mense in alle omstandighede. Dit beteken byvoorbeeld dat alle mense se reg op privaatheid gerespekteer behoort te word. Mense verskil egter ook. Daar word onderskei tussen kinders en volwassenes en tussen mans en vroue. Verder leef verskillende mense in verskillende kontekste met verskillende behoeftes en onder verskillende omstandighede. Dit is belangrik dat hierdie verskille op 'n regverdige wyse geakkommodeer word. Geregtigheid moet dus ook vir hierdie verskille voorsiening maak. Derhalwe bepaal die tweede beginsel van geregtigheid dat persone moet ontvang wat hulle toekom binne hul eie kontekste en omstandighede. Hierdie siening reflekteer Aristoteles se beskouing van geregtigheid, en bied die ruimte om verskille tussen mense regverdig te behandel en om persone wat hulself in verskillende kontekste bevind verskillend te behandel, terwyl die algemene beginsel van geregtigheid steeds gehandhaaf word. Hierdie beginsel bied met ander woorde die morele regverdiging om onder sekere omstandighede mense se privaat inligting bekend te maak. 'n Persoon wat aan 'n kriminele oortreding skuldig bevind is, kan byvoorbeeld nie aanspraak maak op privaatheidsregte nie. Alhoewel geregtigheid eis dat alle mense regverdig en gelykwaardig behandel behoort te word, moet daar ook voorsiening gemaak word vir ongelykhede in die samelewing. Daar is byvoorbeeld ryk en arm mense, besitters van eiendom en niebesitters, mense wat toegang het tot die internet en diegene wat dit nie kan bekostig nie. Dit is belangrik dat daar vanuit 'n geregtigheidsperspektief nie net rekening gehou moet word met hierdie ongelykhede in die samelewing nie, maar dat daar toegesien behoort te word dat hierdie ongelykhede ook arm mense en die niebesitters bevoordeel. John Rawls (1973) stel hierdie beginsel van geregtigheid besonder kragtig in sy tweede geregtigheidsbeginsel wat lui dat sosiale en ekonomiese ongelykheid aanvaar kan word op voorwaarde dat daar gelyke geleenthede vir almal is, en dat die voordele van hierdie ongelykheid tot almal – ryk en arm – se voordeel moet wees.

Gebaseer op hierdie drie beginsels is dit moontlik om die volgende relevante kategorieë van geregtigheid te onderskei:

### ***Geregtigheid as erkenning***

Lötter (2000) omskryf hierdie vorm van geregtigheid as die soeke na die erkenning van die menswaardigheid en outonomie van alle mense. Dit vereis met ander woorde die gelykwaardige behandeling van alle mense. Hierdie vorm van geregtigheid dien as een van die kernwaardes vir die erkenning van mense se reg op privaatheid.

### ***Deelnemende geregtigheid***

Hierdie vorm van geregtigheid beklemtoon die feit dat gelyke geleenthede vir alle mense (Bedford-Ströhm 1991; Sen 1999) geskep behoort te word. Die fokus lê met ander woorde op die beëindiging van negatiewe ongelykheid in die samelewing en verminderde marginalisering van mense en groepe in die samelewing. Positief beklemtoon dit die skep van gelyke geleenthede waardeur individue en gemeenskappe die geleentheid gegun word om hul eie menswaardigheid te ontwikkel. Die klem val dus nie eerstens op die gelyke verspreiding van produkte nie, maar op die skep van gelyke geleenthede ten einde mense die geleentheid te bied om hul vermoëns (*capabilities*) te ontwikkel

(Sen 1999). Inligtingdiskriminasie, en die uitsluiting van arm mense van toegang tot opvoedkundige inligting, kan aan die hand van hierdie beginsel as onregverdig beskou word.

### ***Distributiewe geregtigheid***

Hierdie vorm van geregtigheid sluit nou aan by die Aristoteliaanse siening van geregtigheid. Hiervolgens behoort die verspreiding van veral rykdom en mag in 'n samelewing billik en regverdig te wees met die spesifieke doel om in mense se basiese behoeftes te voorsien. Distributiewe geregtigheid stel veral vrae oor die wyse waarop produkte, dienste en geleenthede in 'n samelewing versprei word. Distributiewe geregtigheid maak voorsiening vir verskillende kriteria waarvolgens geleenthede, produkte en dienste toegeken en verdeel word. Die bekendste verdelingskriteria is meriete, behoefte en die gelykwaardigheid van mense. Hierdie vorm van geregtigheid behoort die normatiewe basis te wees vir die verspreiding van essensiële inligting in die mark. Gebaseer op hierdie norm, behoort geen persoon uitgesluit te word van toegang tot inligting wat benodig word om basiese behoeftes te bevredig nie.

### ***Kontributiewe geregtigheid***

Hierdie vorm van geregtigheid sluit nou aan by distributiewe geregtigheid en het betrekking op die wyse waarop 'n samelewing georden en georganiseer is om mense en instellings in staat te stel om 'n produktiewe bydrae te lewer tot die algemene welsyn van 'n samelewing (Britz 2004:202). As 'n vorm van geregtigheid stel dit kritiese vrae oor wat en hoeveel daar binne 'n samelewing geproduseer word. Kontributiewe geregtigheid vereis van individue om 'n positiewe bydrae tot hul medemens te lewer. Pous Pius XI benadruk die belang van kontributiewe geregtigheid deur op te merk dat "it is the very essence of social justice to demand from each individual all that is necessary for the common good" (National Conference of Catholic Bishops 1997:43). Hierdie verantwoordelikheid is egter nie net beperk tot individue nie. Strukture in die samelewing behoort ook so ingerig te wees dat dit die individue in staat kan stel om so 'n bydrae te kan maak. Hierdie vorm van geregtigheid is relevant tot inligtingarmoede en inligtingproduksie. Mense wat oor kennis beskik wat tot die opheffing en algemene welsyn van die mensdom kan bydra, het 'n morele verantwoordelikheid om hierdie kennis beskikbaar te stel. Op soortgelyke wyse het die samelewing 'n verantwoordelikheid om geleenthede te skep, nie net om sodanige kennis te produseer nie, maar ook om kanale vir die effektiewe verspreiding daarvan te skep. Verder behoort die samelewing, deur middel van effektiewe en billike wetgewing, die morele en ekonomiese belange van kennisskeppers te beskerm. Dit is belangrik om daarop te wys dat die erkenning en regmatige beskerming van hierdie belange nie impliseer dat die gebruikers daarvan uitgesluit moet word nie. Die staat kan byvoorbeeld die produksie asook die verspreiding van hierdie kategorie van inligting subsidieer.

### ***Resiprokatiwe geregtigheid***

Lötter (2000:65) omskryf hierdie vorm van geregtigheid as daardie geregtigheid wat handel oor die "...nature and scope of fair terms of cooperation in the personal, social and institutional levels". Dit sluit nou aan by die Aristoteliaanse siening van kommunitatiewe geregtigheid wat billikheid in ooreenkomste en verdrae tussen individue en groepe vereis. Alhoewel resiprokatiwe geregtigheid 'n fundamentele beginsel daarstel, is dit net so belangrik om te bepaal wat reg en billik is in bepaalde ruilverhoudinge. Daar moet in gedagte gehou word dat wat in een situasie billik en regverdig is, nie noodwendig vir 'n volgende situasie geld nie. Hierdie beginsel is veral van toepassing op die wyse

waarop mense se privaat en persoonlike inligting gebruik word, asook die bepaling van die vergoeding van inligtingskeppers. In beide gevalle vereis hierdie vorm van geregtigheid die billike vergoeding vir die gebruik van individue se persoonlike inligting, asook vir die skeppers van inligtingprodukte.

## SLOT

Die kuberera is 'n inligtinggebaseerde werklikheid wat moontlik gemaak is deur moderne inligting en kommunikasietegnologie. Die etiese probleme verskil wat betref die aard van die probleme, nie veel van die vorige eras nie. Daar is egter wel 'n wesentlike verskil ten opsigte van die dimensies daarvan. In hierdie artikel het ek spesifiek aandag gegee aan drie etiese aspekte, naamlik privaatheid, inligtingarmoede en die beheer oor kennisproduksie. Die dilemmas en uitdagings wat hierdie morele probleme inhou, is uitgewys. Ek stel voor dat geregtigheid gebruik kan word as so 'n normatiewe gemene deler om hierdie probleme die hoof te bied.

## BIBLIOGRAFIE

- Baudrillard, J. 1993. *Simulations*. New York: Semiotext.
- Becker, K. 2003. Why intellectual property issues matter? *World Information. Special IP Edition*, (10 – 12 December 2003): 1-3.
- Bedford-Ströhm, H. 1991. *Vorrang für die Armen. Auf dem Wege zu einer Theologischen Theorie der Gerechtigkeit*. DTh. Dissertation, Heidelberg: Rupert-Karls-Universität, Heidelberg.
- Branscomb, A.W. 1994. *Who owns information? From privacy to private access*. New York: Basic Books.
- Brin, D. 1998. *The transparent society. Will technology force us to choose between privacy and freedom?* New York: Perseus Books.
- Britz, J.J. 1996. Technology as a threat to privacy: ethical challenges and guidelines for the information professionals. *Microcomputers for Information Management: Global Internetworking for Libraries*, 13(3-4):175-194.
- Britz, J.J. 2005. *Intellectual property rights: social terror or justified protection – a moral reflection on the current trend in intellectual property rights regimes*. (In progress.)
- Britz, J.J. 2004. To know or not to know: a moral reflection on information poverty. *Journal of Information Science*, (30): 192-204.
- Britz, J.J. 2005. The Internet: the missing link between the information rich and the information poor. *International Journal of Information Ethics*. (In press.)
- Britz, J.J., Lor, P.J. & Bothma, T.J.D. 2005. Global capitalism and the fair distribution of information in the marketplace – a moral reflection from the perspective of the developing world. *Journal of Information Ethics*. (In press.)
- Castells, M. 1993. *End of millennium. The information age: economy, society and culture*. Vol. 3. London: Blackwell.
- Chang, Ha-Joon. 2003. *Globalisation, economic development and the role of the state*. London: Zen Books. Creative Commons. <http://creativecommons.org> [Accessed on 23 December 2003].
- Deere, C. 2003. Developing countries and IP policy. *World Information. Special IP Edition*, (10 – 12 December 2003):8-12.
- Drahos, P. 2003. The injustice of intellectual property. *World Information. Special IP Edition*, (10 – 12 December 2003): 1-4.
- Evans, P.B. & Wurster, T.S. 1997. Strategies and the new economics of information. *Harvard Business Review*, (September 1997): 71 – 82.
- Ettenberg, E. 2002. *The next economy. Will you know where your customers are?* New York: McGraw-Hill.
- Florida, L. 2001. Information ethics: an environmental approach to the digital divide. *Philosophy in the Contemporary World*, 9(1): 1 – 4.
- Giddens, A. 1991. *Modernity and self-identity: self and society in the late modern age*. Cambridge: Polity.
- Habermas, J. 1989. *The structural transformation of the public sphere* (translation T Burger) MA MIT Press: Cambridge.
- Hamelink, C.J. 2003. Moral challenges in the information society, *Media Development*, XLX(4) (2003): 40 – 43.

- Hamelink, C.J. 2000. *Ethics in cyberspace*. London: Sage Publications.
- Haywood, T. 1995. *Info-Rich – Info-poor. Access and exchange in the global information society*. London: Bowker SAUR.
- Introna, L. 2004. Workplace surveillance, privacy and distributive justice. *Readings in cyberethics*. Second edition. Edited by Richard A. Spinello and Herman T. Tavani. Boston: Jones & Bartlett Publishers: 476-487.
- Johnson, D. 2004. Ethics online. *Readings in cyberethics*. Second edition. Edited by Richard A. Spinello and Herman T. Tavani. Boston: Jones & Bartlett Publishers:30-40.
- Lessig, L. 2004. Open Access Culture. Paper read at the University of Wisconsin-Milwaukee, Milwaukee, Wisconsin. 26 March 2004.
- Lor, P.J. & Britz, J.J. 2005. Knowledge production, international information flows and intellectual property: an African perspective. *International Information and Library Review*. (In progress.)
- Lötter, H.P.P. 2000. *Christians and poverty* DD Thesis. Pretoria: University of Pretoria, Pretoria, South Africa.
- Lyotard, J. 1984. *The post-modern position: a report on knowledge*. Manchester: Manchester University Press.
- Miller, D. 1999. *Principles of justice*. London: Harvard University Press.
- Moor, J.M. 1997. Towards a theory of privacy in the information age. *Computers & Society*, 27(3): 27-32.
- Moor, J.M. 2004. Towards a theory of privacy in the information age. *Readings in cyberethics*. Second edition. Edited by Richard A. Spinello and Herman T. Tavani. Boston: Jones & Bartlett Publishers: 407-417.
- National Conference of Catholic Bishops, *Economic justice for all. Pastoral letter on catholic social teaching and the U.S. economy* 1997. Washington D.C: National Conference of Catholic Bishops.
- Neethling, J., Potgieter, J.M. & Visser, P.J. 1996. *Neethling's law of personality*, Durban: Butterworths.
- Nissenbaum, H. 2004. Towards an approach to privacy in public: Challenges of information technology. *Readings in cyberethics*. Second edition. Edited by Richard A. Spinello and Herman T. Tavani. Boston: Jones & Bartlett Publishers: 450 – 461.
- Norris, 2001. *Digital divide : Civic engagement, information poverty, and the internet worldwide*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Rawls, J. 1973. *A Theory of justice*. Cambridge: The Belknap Press of Harvard University Press.
- Rucker, R. 1988. *Mind tools: the mathematics of information*. London.
- Schiller, H.I. 1991. Public information goes corporate. *Library Journal*, 1(8): 42-45.
- Sen, A. 1999. Global justice: beyond international equity. *Global public goods: International cooperation in the 21<sup>st</sup> century*, edited by I. Kaul, Grunberg and Stern. Oxford: Oxford University Press, 116-125.
- Shank, R. 1986. Privacy: History, legal, social, and ethical aspects. *Library Trends*, Summer 1986:7-15.
- Siochru, S. 2003. FLOSS would give WSIS teeth. *Terraviva*, December 12:1-4.
- South Centre, 2002. Preface. [http://www.southcentre.org/publications/wipopatent/wipopatent-01.htm#P43\\_1309](http://www.southcentre.org/publications/wipopatent/wipopatent-01.htm#P43_1309) [Accessed on 16 January 2004].
- Stiglitz, J. 2002. *Globalization and its discontents*, New York: W. W. Norton & Co.
- Thomas, P.N. & Lee, P. 2002. Why should intellectual property rights matter to civil society? *Media and Development. Journal of the World Association for Christian Communication*, 4 (2002): 6-8.
- Van den Hoven, M.J. 1997. Towards a theory of privacy in the information age. *Computers & Society*, 27(3):33-37.
- World Intellectual Property Organisation 1998. <http://www.wipo.org/eng/diplconf/distrib/94dc.htm> [Accessed on 2 November 2004].
- Young, I.M. 1995. *Justice and the politics of difference*. Princeton. Princeton University Press.